# Die Lewende Kerk



# Bergbron Gemeente

*Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding*

*Sondag 13 Augustus 2017*

*Baie Welkom by ons Erediens!*

www.bergbron.org.za

## Erediens

Vandag se erediens word gelei deur pastor Gordon Calmeyer

**Sola Gratia – Genade alleen**

## Omgee:

- Johanna de Klerk moet nog ’n maand wag voordat die gips afkom van haar arm.

## Offergawes:◊

Offergawes: ‘D’ gemerk: vir behoeftiges.Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

## Afkondigings:☼…

- Ons begin vandag met ‘n **40 dae reeks “Vreugdevol Vry”** wat handel oor die 5 Solas van die Reformasie. Elke week gaan ons ‘n Sola hanteer in die preek, Bybelstudie en dagstukkies vir die week.
- Vandag kyk ons na **“Sola Gratia” (Genade alleen)**. Op grond van die preek is daar dan ook verskeie kleingroep byeenkomste wat handel oor “Genade alleen”. Die kleingroep byeenkomste wat jy kan bywoon, vind op die volgende tye plaas:

Sondae direk na die erediens in die kerkgebou, Sondagmiddae om 17h30 vir tieners in die kerkgebou, Sondagmiddae om 18h00 by Pieter en Ankie De Klerk, Woensdagoggende om 10h00 in die kerksaal, en Donderdagaande om 19h00 in die kuierkamer. Almal behoort te kan inskakel by een van hierdie kleingroep byeenkomste vir die volgende 6 weke.

- Die volgende **Heilige Gees seminaar** word DV 19 Augustus aangebied by Linden GK. 'n Vereiste is dat jy alreeds die Oorwinnaarsnaweek bygewoon het. Besprekings kan by Celeste (082 372 8684) gedoen word.
- Die **rooster vir hulp op Sondae** by die rekenaar en kamera is opgestel. Daar is egter ruimte vir gewillige lidmate om hulle hulp aan te bied. Sê vir Matt Brummer.
- **Dankie-sê briewe** vir tiendes wat verlede jaar (2016) gegee is, is by Elma agter in die kerk beskikbaar.
- **Databasis:** stuur jou naam en die vaardighede waarmee jy diensbaar kan wees, asook jou beroep vir die kerkkantoor: kantoor@bergbron.org.za. Indien jy nie e-pos het nie, kan jy dit per whatsapp stuur na **Fanie Olivier** by 079 710 2344
- **Tee/koffie skinkbeurte** – vandag skink Groep 2, Elma, Karla, Annamie en Hilda Roodt. Volgende Sondag is dit Groep 3, Lettie, Elize en Sue.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, pieterankie@eject.co.za of sms na 072 651 8286).

# TEELEPELETE met NAGMAAL 27 AUGUSTUS 2017

Waar ons as gemeente op 27 Augustus, DV, die wonderlike gemeenskap en troos van van ons Here se Nagmaal gaan beleef , wil ons hierdie saamwees verder voortsit deur direk na die diens in die saal saam te. eet, en die Susters nooi almal hartlik uit. na ons teelepelete

Elkeen wat kan, bring asb. ´n gereg, of skenking volgens hulle vermoë. Die gereg (of gereggie) kan enigiets wees binne die spektrum van broodjies tot by nagereg.

Tydens die ete, vat elkeen net ´n klein skeppie van die geregte wat hy verkies. Om te bepaal wat daar sal wees word, vra ons net dat die vormpies ingevul moet word en in enige van die kollektesakkies gegooi word.

# Gebed

✍ ONTHOU ASB: **GEBED IN DIE KUIERKAMER ELKE SONDAG OM 8:00** Sondagoggende is daar geleentheid vir ALLE lidmate om saam te bid vir die twee eredienste asook gemeente-aktiwiteite.

Vandag plaas ons Deel 1 van 2: **Ware vreugde versus wêreldse vreugde**
Het jy geweet vreugde is die "egtheid-stempel", die teken van 'n ware gelowige? Hiermee ontken ek nie die feit dat almal van ons tye ondervind van mismoedigheid, kwaad wees, rou en ander negatiewe emosies nie. Hierdie negatiewe emosies is

veronderstel om tydelik te wees en nie voltyds in ons gewone gang van die lewe, elke dag voor te kom nie.
Paulus skryf: "Die Koninkryk van God is nie ‘n saak van eet en drink nie, maar van gehoorsaamheid aan God, vrede en vreugde, wat die Heilige Gees ons gee." (Romeine 14:17).
***Vernuwe*** is meer as ‘n woord. Dit beskryf jou reis oppad terug na herstel en is jou kompas na heelheid. (Rom. 12: 2 “Moenie julle leefstyl aanpas by die gedragspatrone van hierdie wêreld nie, maar laat God jou omvorm deurdat Hy julle denkpatrone *vernuwe*”)
So baie mense ondervind nie volgehoue vreugde in hulle lewens nie, omdat negatiewe denkpatrone waaraan hulle vasgryp deure oopmaak van angs en depressie.
“Vernuwe jou denke” is ‘n Bybelse oplossing! Daardeur ontdek jou siel die hartklop van jou gees en God se Gees. Deurdat jou denkpatrone vernuwe word, ontdek jy hoe jou gedagtes die mate van vreude bepaal wat jy ervaar en die vlak van oorwinning wat jy daarmee bereik.

Altyd!: ***‘Wees’*** voordat jy ***‘Doen’***
Satan fluister ‘n vals evangelie in jou oor “*Doen* eers en kry *Wees*” en hy verkoop dit as die pad na ware geluk. Nee! Kies liewer *Wees* voordat jy *Doen*
Weet jy hoe om ware vreugde te verkry? Moenie soek na ‘n vinnige oplossing vir ‘n moeilike probleem nie. Tog is ons lief om aan te haal uit God se ewigheids antwoorde, om ‘n lewenslange strewe te verkry van ware volgehoue vreugde en dit te probeer doen uit onsself…

Ek vra weer : “Weet jy hoe om ware vreugde te verkry?” Dit is ‘n reis!

Op reis saam met Jesus:
Eers delf jy en ontdek gewilde slagspreuke waarby jy eksplisiet nie kan byhou nie. Die sentimentele waarde daarvan beinvloed jou baie diep. Jy bly vir jouself sê: “*Doen* eers en kry vervulling van *Wees*.” — Asof ons pligsgetroue doen die sleutel is om te verkry, wat dan vir ons die identiteit “*Wees* in Christus” oopsluit en dus bereik ons waarna ons strewe. Maar die Christelike Evangelie draai dit kop onderstebo – Om in Christus te *Wees* laat dade van liefde voortvloei (= *doen*). Wat op sy beurt die nood van ander raaksien. (“Mercy is extended grace”)

## Oupas en Oumas wat bid vir hulle kleinkinders

Die dag van gebed vind plaas op 10 September.
Ons sal dit waardeer indien julle laat weet of julle gaan deelneem aan die dag.
Vir meer inligting besoek www.grandparentsdayofprayer.com

**Manne ontbyt**

- Op 19 Augustus hou AGS Westdene hulle eerste Manne –ontbyt. Ons Gemeente se manne is genooi om ook die oggend by te woon. Hulle het ‘n spreker gereël en ook ‘n borg gekry vir die ontbyt. Dit kos jou dus niks, daar sal net ‘n houer geplaas word vir die groep om ‘n offergawe te gee.
- **Laat weet vir Gerhard watter manne die ontbyt gaan bywoon.**

## Lekker verjaar …! Verjaardae vandag en in die week:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 13 Aug | Ryno Erasmus | 011 477 5240 | |
| 17 Aug | Sandra Pienaar | 083 306 4456 | |
| 19 Aug | Johanna De Klerk | 082 456 4697 | 011 673 4483 |
| 19 Aug | Hefer Venter | 083 268 4478 | |

# Mag die Here jou oorvloedig seën

## Wil jy by Bergbron Gemeente aansluit?

Vul 'n pienk vorm in en gee dit vir ds Stephan.

## Bergbron besonderhede

**Bergbron webwerf:**www.bergbron.org.za

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029, stephan@bergbron.org.za

Pastor Gordon Calmeyer – assists with ministry and pastoral care: 011 672 1219, 076 867 3125, zooch234@gmail.com

Koster – Martin Rodgers: 083 206 7483

Musiekdiensgroep – vakant (kontak ds Stephan)

Jeug – vakant (kontak Vernon Fortune: 071 217 7792, vernonfor.vf@gmail.com)

Gebedsgroep – Gerhard en Susan Botha0835379770

Berading – Marietjie Volschenk 082 602 3023

Vroue-aksie – Annette Müller 082 449 2344 en Elma Mulder 082 416 4138

**Bankbesonderhede**: Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek. 180 350 349

Kantoorure: Vrydae tussen 09:00 en 13:00. Maak `n afspraak tel. 011 673 9705 of 072 651 8286 **kantoor@bergbron.org.za**

**Diakens**: kontak Francois Kruger 082 777 0632

**Ouderlinge:** Pieter de Klerk 082 464 9480; Jacques Moolman 072 277 0036; Fanie Olivier 079 710 2344; Charl Truter 071 484 0132; Willie Volschenk 082 777 7734.